Dag 1 van 13

1 November 2009 - God dink die kwaad ten goede

Gen 17:[7] *En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou.* Gen 45:[7,8a]: *God het my voor julle uit gestuur om vir julle 'n oorblyfsel in hierdie land te laat oorbly, om julle* **Gen 50:[20]** ***Want júlle het wel kwaad teen my bedink, maar God het dit ten goede gedink*** *om te doen soos dit vandag is, om 'n groot volk in die lewe te hou aan die lewe te hou en sodat baie aan die dood sal ontkom. Dis nie julle wat my hierheen gestuur het nie, maar God.*

Dit is opvallend dat, hoewel Josef sy broers troos, hy hulle hoegenaamd nie verontskuldig nie. Dit is nou wel nie hulle wat hom na Egipte *gestuur* het nie maar God, maar hulle het iets anders met hom gedoen: hulle het hom *verkoop.* In Genesis 45:4 sê hy uitdruklik dat hulle hom verkoop het en hy herhaal dit in vers 5. Josef sê nie dat God hom verkoop het nie. Sy broers het hom verkoop, maar God het hom gestuur. En laasgenoemde is geen verontskuldiging van eersgenoemde nie. Wat hulle gedoen het, was *teen* God se wil. In Genesis **50:[20]** ***Want júlle het wel kwaad teen my bedink, maar God het dit ten goede gedink*** *om te doen soos dit vandag is, om 'n groot volk in die lewe te hou.* Of-soos die teoloog Noordmans sou se: God dink die kwaad ten goede!

Hoewel God se daad hulle daad kruis en dit histories selfs saamval met hulle daad, is dit tog twee totaal verskillende dade. "Verkoop" is heeltemal iets anders as "stuur".

Wat God doen, en wat Josef se broers doen, is nie net verskillend nie, maar ons moet selfs se dit is twee teenoorgestelde dade. Die agtergrond van hulle daad is haat; die agtergrond van Sy daad is liefde. Die doel van hul daad is om smart te berokken; die doel van Sy daad is redding. Hul daad is onheilsdaad; Sy daad is heilsdaad. God se daad kruis nie net hul daad nie; sy daad deurkruis selfs nie net hul daad in die sin dat Hy dit kanselleer nie; sy daad deurkruis hul daad in die sin dat Hy die minus (-) van hul daad deurkruis tot 'n plus (+).

Nee, ek verstaan dit ook nie. Hier breek ons trotse denke sy nek. Hier steier ons verstand. Maar hier word ons ook verlos van ons angs. Hier pas spekulasie nie. Hier pas 'n loflied. Hier pas aanbidding.

Op 'n vreemde wyse word Josef se broers "medewerkers" aan hul redding. Eintlik geld dit van die ganse mensdom. Ag, ons wil tog so graag 'n aandeel he aan ons redding. Wel, ons het. Judas het namens ons die Seun van God verkoop vir dertig silwermuntstukke (Matt 26:15), maar God het sy Seun gestuur (J oh 3:16) om ons te verlos uit ons verlorenheid. Daarom beteken die voorsienigheid ten diepste: God voorsien 'n Verlosser (vgl Gen 22:14).

Wat jou omstandighede ook al mag wees, jy moet tog nooit dink dat God jou verkoop nie. Hy verkoop nie; Hy koop. Julle is duur gekoop (1 Kor 6:20). Wie daaraan twyfel, moet kyk na Golgota. Daar het God die minus van ons sonde deurkruis tot die plus van sy genade. Kyk goed na die kruis. Dit is 'n plus (+). Dit is God se jawoord vir die wêreld.

Gebed: Vader, ons dank U vir U genadeverbond met ons. Dankie dat U ons God is en dat ons vir U 'n volk mag wees. Dankie dat U ons verkeerde dade deurkruis met U genade. Dankie dat U ons minusse (-) in die Plus (+) van die Kruis verander en dat Uself U verbond met ons in stand hou. Dankie dat U die kwaad ten goede dink en *" Ons (mag) weet dat U alles ten goede laat meewerk vir dié wat U liefhet, dié wat volgens U besluit geroep is."* (Rom 8:28). Oor die grootsheid hiervan kan ons net in verwondering uitroep: " *O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele, hoe onnaspeurlik U weë! 34 "Wie ken die bedoeling van U o Here? Wie gee U raad? 35 Wie bewys U 'n guns, sodat U verplig is om iets terug te doen?" 36 Uit U en deur U en tot U is alle dinge. Aan U behoort die heerlikheid tot in ewigheid! Amen."* (Rom 11:33).

Gebed vir ons gemeente jeug: Psalm 119:[9] ***Hoe kan 'n jongmens sy lewe skoon hou? Deur hom te hou aan u woord!*** Here ons pleit vir die jeug van ons gemeente. Laat hulle *" aan U gehoorsaam wees met hulle hele hart, laat hulle nie afwyk van u gebooie nie.* (Psalm 119:10). Rig ons ouers op om hulle kinders toe te rus en te laat toerus met U Woord. Dankie vir jeugleiers wat ons kinders se belange op die hart dra. Help ons jeugbediening om kinders so te bedien dat U Naam verheerlik sal word. Ons vra dit in die Naam van Jesus.

L.I.G. – Huis gebed: Here Jesus ek bid vir die volgende persone wat U op my hart gelê het. Ek noem hulle by name… Ek bid dat U hulle sal seën met gesondheid, in hulle werk, in hulle emosies, sosiale verhoudings en dat hulle op geestelike vlak U sal ken, seker van hulle redding sal wees, U sal liefhê en meer en meer soos U word.

Dag 2 van 13

2 November 2009 - God se Wet - Genade dan gebod



DIE TIEN GEBOOIE

Toe het God al hierdie gebooie aangekondig:
"Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het.

"Jy mag naas My geen ander gode hê nie.

"Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die aarde is nie. Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek, die Here jou God, eis onverdeelde trou aan My. Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag van dié wat My haat, maar Ek betoon my liefde tot aan die duisendste geslag van dié wat My liefhet en my gebooie gehoorsaam.

"Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie.

"Sorg dat jy die sabbatdag heilig hou. Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet, maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God. Dan mag jy geen werk doen nie, nie jy of jou seun of jou dogter of die man of vrou wat vir jou werk, of enige dier van jou of die vreemdeling by jou nie. Die Here het in ses dae die hemel en alles daarin gemaak, die aarde en alles daarop, die see en alles daarin. Op die sewende dag het Hy gerus, en daarom het die Here dit as gereelde rusdag ingestel en dit geheilig.

"Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here jou God vir jou gee.

"Jy mag nie moord pleeg nie.

"Jy mag nie egbreuk pleeg nie.

"Jy mag nie steel nie.

"Jy mag nie vals getuienis teen 'n ander gee nie.

"Jy mag nie iemand anders se huis begeer nie. Jy mag nie sy vrou begeer nie, ook nie 'n slaaf of slavin, 'n bees of 'n donkie, of enigiets anders wat aan hom behoort nie."

Eksodus 20:1-17

Belangrik om op te let is die stadium waarin God Sy tien woorde tot die volk rig. In die geskiedenis van Israel kan ons drie stadiums onderskei: (i) Verlossing (Exodus: uittog uit Egipte); (ii) Vervulling (die Ou-Testamentiese Pinkster met die bou van die tabernakel, 'n mobiele tempel waarin Gods heerlikheid neerdaal); en (iii) Verowering (van Kanaan).

Ons tref dieselfde drie fases in die Nuwe Testament aan: (i) Verlossing (Goeie Vrydag en Paasfees); (ii) Vervulling (Pinkster); en (iii) Verowering (van die beloofde land totdat God alles en in almal sal wees).

Van belang is dat God nie hierdie Wet met die eerste fase as *voorwaarde* van verlossing aan Israel gestel het terwyl hulle nog in die slawehuis was nie. Hy bied dit, nadat die verlossing reeds agter die rug is, met die *tweede* fase aan hulle. Hy lei hulle nie vanuit die een slawehuis in 'n tweede konsentrasiekamp in Sy Wet binne nie. Trouens die woord "Torah" kan veeleer met "heenwysinge" of "raadgewinge" vertaal word. Met ander woorde, al wat God met hierdie tien riglyne wil doen, is om stippellyne op die teerpad aan te bring, toe sorg vir "kat-oe" in die nag, 'n rigsnoer vir Sy volk, rigting en koers vir hulle uit te stippel. Wat 'n genadige God! Sien u die seen, die genade van die Wet?

Daarom begin die Wet nie met weerlig nie, maar met die evangelie.

"Toe het God al hierdie gebooie aangekondig: Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawemy, bevry het. Jy mag naas My geen ander gode he nie ... " Die Wet kan geen mens uit die slawehuis lei nie. Laat dit vir ons voorop staan. Die nakom van gebooie kan niemand red nie (Hand. 13: 39). Dis 'n saak wat God eers met die tweede fase op die agenda bring. As die deurboorde hande van Christus ons reeds verlos het aan die kruis, reik Hy daama Sy tien vingers (die Gebooie) na ons om ons vanuit die tweede na die derde fase te lei, tot verowering en oorwinning aan die hand van die spelreels van Eks. 20. Daarom geld die gebooie nog altyd vir ons vandag. Hulle bly van krag. Christus het dit vervul, maar nie oorbodig gemaak nie.

Israel se bevryding uit Egipte was veel meer as bloot 'n politieke bevryding onder die hiel van die Egiptenaars uit. Dit was ook veel meer as 'n ekonomiese bevryding tot 'n beter bedeling, of 'n geografiese bevryding en verskuiwing na 'n nuwe "vaderland". Dit was 'n unieke bevryding, 'n bevryding tot 'n nuwe ***identiteit***, naamlik om volk van God te wees. Dit sluit daarom ook in die bevryding van sonde, van die slawebande en die slawehuis van sonde. Hierdie bevryding is ***verlossing***, in die omvattendste sin van die woord.
Dis ook 'n bevryding tot ***diensbaarheid***. God maak ons nie vry om losbandig te wees nie. Hy maak ons vry vir Homself ... en vir ons medemens. Die vryheid vloei oor in gehoorsaamheid. Die genade roep om die gebod.

Opdrag: Werk deur die tien gebooie en ondersoek jou lewe in die lig daarvan. Vra die Heilige Gees om jou hierin te lei.

Gebed: Vader dankie vir U gebooie. Help my om met dankbaarheid my lewe daarvlogens te lewe. Ek kom bid nou daarvolgens:

1. Vader ek pleit dat U in alles die fokus van my lewe sal wees en bly. Ek wy my aan U toe en buig voor U alleen. In U alleen stel ek my vertroue. 2. Here laat my lewe getuig van onverdeelde trou aan U. Lei my en leer my om U te dien soos U dit wil en nie soos ek dink nie. 3. Laat U naam geheilig word en verheerlik Uself deur my. 4. Vader ek pleit dat ek die Sabbatdag as 'n dag van lof en aanbidding, gereeld saammet medegelowiges sal vier.

5. Ek bring vanoggend my gesin en die gesinne van ons gemeente voor U. Ek bid dat Vaders en moeders so na hulle kinders sal omsien dat hulle U sal ken en eer as die Here wat ons liefhet en U lewe vir ons gegee het. 6. Here U is God wat lewe gee. Help my om so te lewe soos U dit wil en my naaste lief te hê soos myself. Help my om elke ander persoon met respek te behandel en net te praat wat opbouend en reg is in elke omstandigheid. 7. Here ek bid ook vanoggend vir my huwelik. Help my om my huwelik heilig te hou en die lewe met my huweliksmaat te geniet. Laat ons liefde vir mekaar groei. 8. Vader U gebied dat ons nie moet steel nie. Alles kom van U af en behoort aan U. Daarom vra ek om 'n goeie rentmeester te wees van dit wat U gee. Gee my 'n oop hand om vrygewig te wees in mededeelsaamheid en medemenslikheid. 9. Here ek bid dat my lewe sal getuig van integriteit en dat ek die waarheid sal liefhê bo die leuen. Bewaar my hart om nie te lieg nie. 10. Almagtige Vader ek pleit dat my diepste begeerte en verlange na U sal wees. Daarom bid ek dat U my hart sal deurgrond en sal kyk of ek op die verkeerde pad is en my op die regte pad te lei. U alleen is waardig. Amen.

Dag 3 van 13

3 November 2009 – Lofoffers

Lees Levitikus hoofstuk 1.

Oorsig: Die tabernakel is voltooi. Nou gee die Here aan Moses opdragte oor die vyf soort offers wat in die tabernakel gebring moes word. Hulle is die brandoffer, graanoffer, maaltydoffer, sondeoffer en die skuldoffer. Die eerste drie offers - die eetbare offers - was vrywillige offers van aanbidding volgens wat die persoon kon bekostig. Die ander twee offers is voorgeskryf wanneer sonde die persoon se verhouding met God vertroebel het. In ***die brandoffer*** het 'n persoon sy totale toewyding aan God uitgedruk. Met ***die graanoffer*** het hy verklaar dat al sy aardse besittings heeltemal aan God behoort het. ***Die maaltydoffer*** (ook soms die vredesoffer genoem) is gebruik om in die openbaar dank aan God te bring of wanneer 'n belofte van diens aan God gemaak is.

Die diere-offers wat so'n belangrike deel van die godsdiens in die Ou Testament was, is met Jesus Christus se eenmalige offer aan die kruis vervang. En tog skryf Petrus dat die gelowiges priesters is wat moet voortgaan om gereeld geestelike offers te bring wat vir God aanneemlik is (I Petrus 2:5).

Het jy geweet dat die NuweTestament ook van minstens drie "offers" praat wat jy as Christen nou nog moet bring - drie maniere waarop jy vandag nog aan God 'n offer kan bring?

In die plek van die brandoffer kan jy jouself as 'n "lewende en heilige offer" aan God gee (Romeine 12:1). In plaas van die graanoffer kan jy wel met iets van jou besittings vir God 'n aanvaarbare offer bring, deur byvoorbeeld vir iemand in 'n finansiële verknorsing of behoefte geld te gee (soos die Filippense vir Paulus gedoen het, Filippense 4: 18). In plaas van die maaltydoffer kan jy aan God 'n lofoffer bring (Hebreers 13:15),'n uitdrukking van jou dankbaarheid vir sy goeie trou en sorg in jou lewe.

Vandag is 'n goeie tyd om 'n offer aan God te bring. Probeer om een van die drie offers waarvan ons hierbo gepraat het, te bring: stel weer elke deel van jou liggaam in diens van die Here ('n lewende offer), getuig oor God se goedheid en genade ('n lofoffer) en skryf 'n tjek vir iemand in nood uit ('n aanvaarbare offer).

Gebed: Neem my lewe, laat dit, Heer, U gewy wees meer en meer. Laat my hart gedurig juig en van dankbaarheid getuig. Neem my hande, maak hul sterk, diensbaar in u goeie werk. Neem my voete, skoei hul, Heer, met bereidheid tot u eer. Neem my stem en laat my sing, aan U, Here, hulde bring. Laat my mond die boodskap dra en dat mense vind wat na U vra. Neem my goud en silwer, Heer - niks noem ek my eie meer. Al my kennis en verstand stel ek in u vaderhand. Maak my hart vir U tot troon deur U Gees wat in my woon. Rig my wil, gevoel en daad altyd na U wyse raad.

Gebed vir ons gemeente: Here ons bid vir elkeen wat ver weg van U af lewe. Ons bid vir herlewing en ons pleit volgens die belofte van Eseg 36 vir die afgedwaaldes in ons gemeente: *[26] Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle 'n hart van vleis gee. [27] Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom. (Eseg.36:26-27)*. Bring hulle weer terug na U.

Vader saam met Paulus *"[17] bid ek dat U, die God van ons Here Jesus Christus, die Vader aan wie die heerlikheid behoort, deur sy Gees aan ons wysheid gee en U so aan ons openbaar dat ons U werklik kan ken…U moet meer word en ons minder (Joh 3:[30])…[18] Ek bid dat U ons geestesoë so verhelder dat ons kan weet watter hoop U roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat U vir die gelowiges bestem het. Ek bid dat ons kan weet [19] en hoe geweldig groot U krag is wat U uitoefen in ons wat glo. Dit is dieselfde kragtige werking van U mag [20] wat U uitgeoefen het toe U Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan U regterhand laat sit het: [21] hoog bo elke mag en gesag, elke krag en heerskappy, en wat daar ook al sprake van mag wees, nie net in hierdie bedeling nie, maar ook in die bedeling wat kom. [22] Ja, aan ons Here Jesus het U alles onderwerp, Hom bo alles verhef en Hom aangestel as hoof van die kerk. [23] Die kerk is sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in almal vervul. (Ef.1:17-23)*

Ons gebed vir die jeug van ons gemeente: Psalm 144:12 *Mag ons seuns wees soos plante wat hoog groei in hulle jeug, ons dogters soos hoekpilare, uitgebeitel soos vir 'n paleis.* Vader dui U vir ons die pad aan, wys ons die planne wat U het vir ons jeug, lei ons en leer ons hoe om die kinders van hierdie gemeente te bereik. Ons bring ook die Immergroen Ouerskapseminaar op 13 en 14 November 2009 voor U. Ons bid dat U vir elkeen wat by die twee dae betrokke is ryklik sal bemagtig, bemoedig en oprig om om te gee vir die jeug wat U onder ons sorg geplaas het. Ons bid vir leiding in die voorbereiding en reelings vir die dag.

Ons gebed vir die jong werkende enkellopendes: Vader ons weet dat daar talle jong werkendes in ons gemeente is. Ons bid vir hulle vir heilige en rein lewens. Ons bid vir hulle wat Paulus in Filippense 1:9-11 vir die gemeente bid: *" dat dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, 10 sodat julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom. Dan sal julle op die dag wanneer Christus kom, onberispelik en sonder blaam wees, 11 en deur Jesus Christus sal julle geheel en al in die regte verhouding met God wees, tot sy lof en eer.* **Vader ons vra ook dat U sterk leiers sal oprig wat bereid sal wees om hulle te lei en te bedien. Ons bid spesifiek vir iemand wat die jong enkellopende jeug sal kan mobiliseer en help bedien. Ons vra dit in Jesus Naam. Amen.**

Dag 4 van 13

4 November 2009 – Raegeer op God se beloftes – hulle is betroubaar.

Lees Numeri 34 Die Here het vir Moses gesê: 2"Jy moet vir die Israeliete sê: Wanneer julle in Kanaän kom, moet die land wat vir julle as besitting aangewys is, die volgende grense hê: 3"Julle suidgrens is die grens van die Suidland, van die Sinwoestyn af tot teen Edom. Aan die oostekant begin hierdie grens by die suidelike punt van die Soutsee, 4 daarvandaan draai dit suid van Skerpioenpas weg en loop dit deur tot by Sin. Daarvandaan gaan dit suid van Kades-Barnea tot by Gasar-Addar en dan verby tot by Asmon, 5 waar dit wegdraai en met Egiptespruit langs loop tot by die see. 6"Julle wesgrens is die Groot See. 7"Julle noordgrens moet loop van die Groot See af: trek 'n lyn van daar af tot by Horberg in die noorde, 8en van daar af tot by Lebo-Hamat. Daarvandaan loop die grens na Sedad toe 9en verder tot by Sifron en Gasar-Enan. Dit is julle noordgrens. 10"Vir julle oosgrens moet julle 'n lyn trek van Gasar-Enan af tot by Sefam. 11 Die grens loop dan van Sefam af tot by Ribla, oos van Ajin, en daarvandaan teen die oostelike oewer van die Gennesaretmeer en dan met 12die Jordaan langs tot by die Soutsee. "Dit is die grense van julle hele land." 13Moses het vir die Israeliete gesê: "Dit is die land wat julle deur loting moet verdeel, die gebied wat volgens bevel van die Here aan die nege en 'n halwe stamme gegee moet word. 14 Die families in die stamme Ruben en Gad en die halwe Manassestam het reeds hulle grond gekry. 15 Hierdie twee en 'n halwe stamme het hulle grond regoor Jerigo, oos van die Jordaan, gekry." 16 Die Here het ook nog vir Moses gesê: 17 "Die manne wat die land vir julle moet verdeel, is die priester Eleasar en Josua seun van Nun. 18 Stel een leier uit elke stam aan om die land te help verdeel.

Oorsig: Numeri sluit af met 'n aanduiding van die grense van die beloofde land en die name van die stamme wat moes help om die oorblywende gedeelte van die land te verdeel. Aangesien daar nie grond aan die Leviete toegeken word nie, kry hulle 48 stede wat oor die hele Kanaan versprei is. Daar word wette gegee wat voorsiening maak vir die toepassing van die wet in die geval van manslag en om die erfporsie van families sonder 'n manlike erfgenaam te verseker.

Die Here het belowe dat Hy vir sy volk 'n besondere land sal gee. Jy kry die grensbeskrywing in Hoofstuk 34. Dit het so ver noord gestrek as die berg Hor en Hamat en in die suide tot by Kadres-Barnea en die Rivier van Egipte (Wadi el-Arish). In die ooste was die Jordaanrivier die grens. Dit is jammer dat Israel baie min die voorreg geniet het om die volle oppervlakte van die beloofde land te bewoon. Dit was net vir 'n kort rukkie tydens die regering van Dawid en Salomo die grense van die beloofde land.

Was God se beloftes nie goed genoeg nie? Of was daar dalk iets anders wat verhinder het dat die volk die volle omvang van God se seen geniet het? Daar is twee kante aan elke belofte verbonde: die belofte self en die toe-eiening van die belofte deur die persoon vir wie dit bedoel is. God het dikwels vir sy volk gesê: "Gaan neem die land in besit. Dit behoort alles aan julle." Deur hulle ongeloof en onverskilligheid was die volk met die tweede beste tevrede. Hulle kon nie iets geniet wat hulle nie wou besit nie.

Is daar 'n belofte wat jy nog nie vir jouself toegeëien het nie -'n seën van die Here waarop jy nog jou hand moet lê? Luister weer wat sê die Here in **Numeri 23** [19] *God is nie 'n mens dat Hy sou lieg nie, 'n mens dat Hy van gedagte sou verander nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, iets belowe en dit nie uitvoer nie?* Werk deur God se beloftes, skryf hulle neer, memoriseer hulle en rig jou lewe daarvlogens in.

Gebed: Hemel Vader vanoggend kom loof ek U vir die beloftes in U Woord. Ooreenkomstig U beloftes bid ek vanoggend vir die volgende sake: Vader, U Woord is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart (Heb. 4:12). U Woord is soos 'n vuur, soos 'n hamer waarmee klippe stukkend gebreek word (Jer. 23:29). U Woord is die swaard van die Gees (Ef. 6:17), en so sal elke Woord wat uit u mond kom, ook wees: dit sal nie onverrigter sake na U toe terugkeer nie, maar dit sal doen wat U gedoen wil hê en tot stand bring waarvoor U dit gestuur het (Jes. 55:11).

U, wat Uself deur die Woord openbaar (1 Sam. 3:21), leer my 'n liefde vir U Woord. Open ook my verstand om die Skrif te verstaan (Luk. 24:45), en gee my deur u Gees wysheid en openbaring dat ek U kan ken (Ef. 1:17). U Woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad (Ps. 119:105), en wanneer u Woord vir mense oopgaan, bring dit lig; dit gee insig aan die wat nog onervare is (Ps. 119:130). Laat u Woord my op die regte pad hou. Leer my gehoorsaamheid en toewyding om u te dien met volle oorgawe.

Gebed vir die gemeente: Vader ooreenkomstig Rom 12:9-21 bid ons die volgende vir ons gemeente: 9 Ons bid dat ons liefde opreg sal wees, dat ons sal verafsku wat sleg is en vashou aan wat goed is.10 dat ons hartlike broederliefde en eerbied teenoor mekaar sal betoon en mekaar daarin tot voorbeeld sal wees. Ons bid dat ons nie 11 in ons toewyding sal verslap nie, en dat ons altyd geesdriftig sal bly, dat ons U sal dien. 12 Ons bid dat ons ons sal verbly in die hoop en dat ons sal vasstaan in verdrukking; Boweal bid ons dat elkeen in ons gemeente sal volhard in gebed. Here gee ons altyd 'n sensitiewe hart en 'n oop hand wat 13 die medegelowiges in hulle nood sal help.Ons bid dat ons ons op gasvryheid sal toepsits. Dat ons 14 die vervolgers seën, ja, seën en nie vervloek/minag nie. Help ons ons om 15 bly te wees saam met hulle wat bly is en te treur saam met dié wat treur. Ons bid vir volkome16 eensgesindheid onder mekaar en vra dat hooghartigheid ver van ons sal wees.

Dag 5 van 13

5 November 2009 - Misverstande

Lees Josua 22: 21 Die mense van Ruben, Gad en die halwe Manassestam het vir die hoofde van die Israelitiese familiegroep gesê: 22 "Die Here alleen is God, die Here alleen is God! Hy weet, en Israel moet weet: as dit in verset en ontrou teen die Here was, dan moet julle ons vandag nie spaar nie. 23 Of ons vir ons 'n altaar gebou het om die Here te verlaat en daarop brandoffers, graanoffers en maaltydoffers te bring, dit sal die Here self vasstel. 24 Nee, dit was uit kommer dat ons dit gedoen het. Ons het gedink môre-oormôre sê julle nageslag dalk vir ons s'n: 'Wat het julle te doen met die Here die God van Israel? 25 Die Here het 'n grens gestel tussen ons en julle, die Jordaan. Julle het nie 'n deel in die Here nie!' So sou julle nageslag ons s'n kon verhinder om die Here te dien. 26 Ons het toe gedink ons moet vir ons die altaar bou, nie vir brandoffers of ander diereoffers nie, 27 maar as 'n getuie tussen ons en julle en tussen ons nageslagte, dat ons die diens aan die Here by sy heiligdom sal uitvoer met ons brandoffers, ons ander diereoffers en ons maaltydoffers, en dat julle nageslag nie later vir ons s'n sal sê: 'Julle het nie 'n deel in die Here nie.'…29 Ons dink glad nie daaraan om teen die Here in verset te kom en Hom te verlaat deur 'n altaar te bou vir brandoffers, graanoffers en ander diereoffers bo en behalwe die altaar van die Here ons God voor sy tabernakel nie."
30 Toe die priester Pinehas en die leiers van die volksvergadering en die Israelitiese familiehoofde wat by hom was, hoor wat die mense uit Ruben, Gad en Manasse sê, was hulle tevrede.

Oorsig: Die manne van die stamme oos van die Jordaan word bedank vir hulle getroue diens om die land Kanaan te help verower en huis toe gestuur. Hulle besef dat die Jordaan (wat 'n natuurlike grens tussen die stamme vorm) eendag'n geestelike skeiding kan word. Om dit te voorkom, bou hulle 'n gedenkaltaar op die wal van die rivier. Die stamme aan die westekant van die Jordaan verstaan dit verkeerd en burgeroorlog breek amper uit voordat die regte motief agter hierdie daad aan die lig kom. Die boek Josua sluit af met sy afskeidstoespraak. Hy stel 'n ultimatum: "Kies dan vandag wie julle wil dien. Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien" (Josua 24: 15).

Hou jou lyf speurder. Hoe sou jy die volgende situasie opsom: 'n Vrou hardloop uitasem straat af en word agternagesit deur 'n man wat net so uitasem is en haar gaandeweg inhaal. Kies die regte antwoord. Die man is: (a) 'n misdadiger, (b) 'n skuldinvorderaar, (c) 'n sportentoesias. Die regte antwoord is (c). Die ou is 'n drawwer, en sy vrou ook. Hulle draf elke oggend, en op hierdie oomblik is hy op die punt om haar verby te steek. As jy 'n toeskouer was, sou jy die situasie reg kon opsom?

Dit is moeilik om motiewe te bepaal.'n Mens kan so maklik'n fout maak. Hoe kan jy die soort fout vermy wat die stamme wes van die Jordaan gemaak het? As jy in die versoeking kom om die slegste van iemand anders se dade of gesindhede te dink, beantwoord eers die volgende twee vrae:
1. Wat sou ek graag wou hê dat ander mense van my moes dink as ek in dieselfde situasie was?
2. Watter skade kan ek aanrig as ek nie al die feite onder oê kry nie en te gou tot 'n verkeerde slotsom kom?

Het jy geweet? "Kyk net na die pad wat hy geloop het!"
Josua wou verseker dat die volk ook na sy dood die Here met volle oorgawe sou dien. Daarom lê hy onbetwisbare bewyse voor. Hy herinner die volk aan talle voorbeelde van God se goedheid en bewaring in hulle geskiedenis. Hy sluit af met'n persoonlike uitdaging dat hulle self moes kies wie hulle wil dien. Het hierdie oproep goeie vrugte opgelewer? Lees weer Josua 24:31.

Gebed: Vader Psalm 2 leer my dat ek U [11] *....die Here met ontsag (moet) dien, U met vrees en bewing toejuig* [12] *en U onderdanig (moet) wees, ...(dat) dit goed gaan met almal wat by U skuiling soek.* Vader ek wil U dien met my hele hart, maar ek weet hoe baie ek tekort skiet en dikwels nie doen wat ek moet nie. Vergewe my asseblief. Ek kniel voor U en ek buig laag om aan U die eer, heerlikheid, eer en dank toe te bring want U alleen is waardig. Ek kom skuil by U en vra U beskerming in hierdie dag.

Gebed vir ons gemeente:
Vader ons bid vir 'n gemeente waar almal volledig as liggaam van Christus sal funskioneer. Daarom bid ons dat ons mekaar sal vashou met die liefde van Jesus en waar ons verskil ons dit sal noem en nie van mekaar wegdraai nie. Help ons om te midde van verskeidenheid die eenheid te bly dien en handhaaf.
Ons bid dat elke kind en jongmens effektief toegerus sal word, groei sal ervaar en opgerig sal word as 'n jeug wat U liefhet, dien en navolg. Ons bid dat elke jeugleier met die salwing van die Gees onderrig sal gee. Ons bid vir 'n kragtige jeugbediening in ons gemeente.
Ons bid vir 'n kerklike lewe waar elkeen in elke verhouding deursigtig kan wees en waar liefde die deurslag gee. Ons bid dat ons deur liefde gedring sal word en nie die deur mag nie. Ons vra dat Joh 3: 30 ***"Hy (Jesus) moet meer word en ek minder."*** 'n groter werklikheid sal word in ons gemeente en dat ons sal ervaar dat Christus in en deur ons lewens regeer. Ons bid dat ons gehoorsaam sal wees om die wil te doen van Jesus wat ons gestuur om Sy werk as dissiples te kom doen. Ons bid Here dat U diegene wat agtergeraak het en uigesak het in hulle navolging, sal aanraak en terugbring na U toe.

Dag 6 van 13

6 November 2009 – In die siklus van sonde vasgevang

Rigters 21:[25] In dié dae was daar geen koning in Israel nie: elkeen het gedoen wat reg was in sy oë.
1Korintiërs 15:[56] Die angel van die dood is die sonde, en die krag van die sonde is die wet. 57 Maar God sy dank, wat ons die oorwinning gee deur onse Here Jesus Christus. 58 Daarom, my geliefde broeders, wees standvastig, onbeweeglik, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle arbeid in die Here nie tevergeefs is nie.

Kyk terug

Die boek Rigters kan jou baie terneergedruk maak of dit kan'n bepalende faktor in jou geestelike groei wees. Wanneer jy daardeur lees, sal jy agterkom dat Israel al hoe verder van God af gedwaal het terwyl hulle sewe keer 'n dodelike sondesiklus voltooi het. Die siklus begin gewoonlik met opstand teen die gebooie van God. Daarna volg tugtiging van God se kant af - gewoonlik in die vorm van 'n vyand wat die land teister. Die volgende stap is die berou en die belydenis van die sonde, en dan herstel God hulle op die pad wat Hy vir hulle bepaal het. Daarna volg 'n tydperk van rus ... om maar net weer deur 'n volgende tydperk van opstand gevolg te word.

'n Mens sou hierdie siklus ook kon beskryf met die woorde sonde, slawerny, smeking, skuldvergifnis en stilte.

Met elke siklus is die nasie dieper in die bederf ingesleep.

Uiteindelik sluit Rigters af en sê elkeen het gedoen soos hy dink reg is (Rigters 21:25) - die toppunt van selfgesentreerde sondigheid. Hoekom het dit gebeur? Hoekom was Israel geestelik so swak dat hy in die modder van agteruitgang weggesink het? Ons kan die antwoord as volg stel: Dit was'n gebrek aan geloof en daarmee saam 'n gebrek aan gehoorsaamheid waar God die rigting duidelik aangee het. Om presies te wees: God het die volk beveel om die Kanaäniete uit te dryf en elke oorblyfsel van hulle heidense godsdienste te vernietig. Israel het dit nie volledig gedoen nie. Hulle het 'n kompromie probeer aangaan. Hierdie kompromie met die wêreld het tot konflik en uiteindelik tot chaos gelei. Die kanker van die heidendom het versprei ... en die gevolg daarvan was geestelike dood.

Kyk boontoe

Korintiërs 15:[56-58] vertel nie net van die mag wat sonde oor ons het nie, maar ook van die mag oor die sonde wat God vir ons gegee het: *"Ons dank God dat Hy aan ons die oorwinning gee deur ons Here Jesus Christus"*[1]

Ons is net sulke mense soos die Israeliete in die dae van die rigters.

Maar as gelowiges het God vir ons die kans gegee om sonde te oorwin deur Jesus Christus.

Ondersoek jou lewe. Vra dat God vir jou wys of jy in 'n sondesiklus vasgevang geraak het. As dit so is, draai terug na God toe, bely jou sonde, laat jou gedagtes, jou hart en jou lewensrigting omkeer en maak aanspraak op die oorwinning wat Christus reeds behaal het.

Kyk vorentoe

Maak 1 Korintiërs 15:[58] jou aksieplan vir vandag***"Wees standvastig, onwankelbaar, altyd oorvloedig in die werk van die Here"*** Dit wil nie sê dat jy nooit weer sonde sal doen nie. Maar as dit gebeur, kan jy dadelik werk maak daarvan. Neem dit na die kruis toe, aanvaar God se vergifnis en reiniging en beweeg doelgerig vorentoe deur sy krag. Daar is geen meer bevredigende manier van lewe as dit nie.

Gebed vir Gemeente: Vader, in die Naam van Jesus bid ons die woorde van Paulus in Rom 12.

- Ons bid vir elkeen dat ons [9] **liefde opreg sal wees** en ons **dit wat sleg is sal verafsku**. Help ons **om vas te hou aan die goeie.**
- Ons bid dat elkeen [10] **hartlike broederliefde teenoor mekaar** sal betoon en dat ons **eerbied teenoor mekaar** sal bewys en **mekaar daarin tot voorbeeld** sal wees.
- Veral pleit ons dat ons **nie** [11] **in ons toewyding sal verslap nie**, dat ons **altyd geesdriftig** sal bly **en U sal dien**. O Heilige Gees, U is 'n Gees van gebed, daarom pleit ons dat U ons blydskap sal wees in moeilike tye en dat ons sal [12]...**volhard in gebed.**
- Ons bid vir oop hande om ander [13] **medegelowiges in hulle nood** te help en dat ons sal fokus **op gasvryheid.**
- Ons bid vir ons gemeente se **Immergroen Ouerskapseminaar op 13 en 14 November 2009**. Vader ons vra dat U vir Hettie Britzz sal seën met die toerusting wat sy sal gee. Ons bid vir die salwing van U Gees op haar en elke ander persoon wat bywoon. Ons dra die voorbereiding van die kos, materiaal, en ander reëlings aan U op. Vader daar is so 'n nood aan die nodige leiding vir ons kinders se toerusting en daarom pleit ons dat U die persone sal oprig om te kom.
- Ons bid ook vir **Saterdag 21 November wanneer die 24/7 Gebedshuis (H.O.P.P.E. – House of Prayer Ethnei** (for the nations) by die DECC (UCCD Jebel Ali Kerkkompleks) geopen word. Ons bid dat hierdie openingsaand 'n baie spesiale aand sal wees en dat U mense sal oprig om te kom deel in hierdie 24/7 Gebedswag 365 dae van die jaar. Dankie dat U dit moontlik gemaak het.

L.I.G. – Huis gebed: Here Jesus ek bid vir die volgende persone wat U op my hart gelê het. Ek noem hulle by name… Ek bid dat U hulle sal seën met gesondheid, in hulle werk, in hulle emosies, sosiale verhoudings en dat hulle op geestelike vlak U sal ken, seker van hulle redding sal wees, U sal liefhê en meer en meer soos U word.

Sluit af met die Ons Vader

Dag 7 van 13

7 November 2009 – (On)Gehoorsaaamheid aan God

1Samuel 15: 2 So sê die HERE van die leërskare: Ek het terdeë gelet op wat Amalek Israel aangedoen het, dat hy hom in die weg gestaan het by sy optog uit Egipte. 3 Gaan nou en verslaan Amalek, en julle moet met die banvloek tref alles wat hy het; en jy mag hom nie verskoon nie, maar jy moet om die lewe bring man sowel as vrou, kind en suigling, bees en kleinvee, kameel en esel…….. 7 En Saul het die Amalekiete verslaan van Hawíla af in die rigting van Sur wat oos van Egipte lê. 8 En Agag, die koning van Amalek, het hy lewendig gevang, maar die hele volk deur die skerpte van die swaard met die banvloek getref. 9 Maar Saul en die manskappe het Agag gespaar, en die beste van die kleinvee en beeste, en die naas-bestes en die lammers en alles wat van waarde was--dit wou hulle nie met die banvloek tref nie; maar al die goed wat veragtelik en vervalle was, dit het hulle met die banvloek getref. 10 En die woord van die HERE het tot Samuel gekom en gesê: 11 Ek het berou gekry dat Ek Saul koning gemaak het, want hy het van My afvallig geword en my woorde nie uitgevoer nie. Toe het Samuel kwaad geword en die hele nag deur die HERE aangeroep…….13 Toe Samuel by Saul kom, sê Saul vir hom: Mag u geseënd wees deur die HERE: ek het die woord van die HERE uitgevoer. 14 Daarop vra Samuel: Maar wat vir 'n geblêr van kleinvee is dit in my ore en 'n gebulk van beeste wat ek hoor? ……**22** Daarop sê Samuel: Het die HERE behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van die HERE? Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme. 23 Want wederstrewigheid is 'n sonde van waarsêery, en eiesinnigheid is afgodery en beeldediens. Omdat jy die woord van die HERE verwerp het, het Hy jou as koning verwerp.

Oorsig: Na twee jaar se regering word Saul getoets. Gaan hy God se bevel gehoorsaam terwyl die Filistyne teen horn optrek? Hy het die toets nie geslaag nie. Saul neem sommer die priesters se werk oor by Gilgal en bring offers, wat net 'n Leviet mag do en. So verwerp hy God se wet. Samuel se aankondiging dat die Here die koninkryk van horn af sou wegneem, sorg dat hy God se werk met mening aanpak - maar nie op God se manier nie. Hy veronagsaam Samuel se bevel om die Amalekiete uit te delg, en word as koning verwerp.

Is God tevrede as jy werkstyd gebruik om 'n kategese les voor te berei? As jy die snelheidsperk oortree om nie laat te kom vir kerk nie? Mag jy met jou belastingopgawe kul as jy die geld wat jy so spaar vir God se werk gee? Die groot vraag agter al hierdie vrae is dit: Hoe belangrik is dit om God se Woord te gehoorsaam? Is dit belangriker om sy gebooie te gehoorsaam as om iets anders te doen waarvan jy dink Hy sal hou?

Vir koning Saul was dit 'n saak van lewe of dood. Hy het gemeen die Here hom sou vergewe, solank hy net groot offerandes gee vir die Here se diens en baie tyd in die huis van die Here deurbring. Sy besluit het hom sy koninkryk gekos - en uiteindelik ook sy lewe.

Luister jy as God met jou praat? Gehoorsaam jy sy bevele? Jy moet hierdie les leer: *"Gehoorsaamheid is beter as offerande, om te luister is beter as die vet van ramme"* (15:22). Om God met 'n halwe hart te gehoorsaam, lei elke keer tot hartseer.

Dit is opmerklik om te sien hoe lief Samuel vir Saul was. Hy het dwarsdeur die nag vir Saul gebid (15: 11). Selfs nadat die Here Saul verwerp het, het Samuel oor Saul getreur (15:35) tot die Here horn daaroor moes aanspreek (16: 1). Geen wonder dat Saul in sy hoogste nood na Samuel gesoek het nie (28: 11).

Gebed: God, wat vrede gee, sal U my volkome aan U toegewyd maak en my geheel en al, na gees, siel en liggaam, so bewaar dat ek onberispelik sal wees wanneer ons Here Jesus Christus weer kom (1Tess.5:23-24). Aan U wat magtig is om my van struikeling te bewaar en my onbevlek en met vreugde U heerlikheid te laat aanskou, aan U, die enigste God, ons Verlosser deur Jesus Christus ons Here, aan U behoort die heerlikheid en die majesteit, die krag en die mag, van alle ewigheid af, ook nou en tot in alle ewigheid! Amen.
Gebed vir ons gemeente: In die Naam van Jesus bring ons vanoggend elke lidmaat voor voor U genadetroon. Ons bid die volgende vir hulle en vir ons eie lewens:

- Vir stewige familie bande, gesonde huwelike en verhoudingsgroei in elke familie
- Vir gesondheid en krag om met passie in U wingerd te arbei en mense te bereik
- Vir U Heilige Gees om oor ons gedagtes, woorde en dade die wag te hou
- Vir 'n hart wat voortdurend sal oorloop van Jesus se liefde
- Vir 'n nederige, rein en heilige lewe sodat ons 'n skoon kanaal vir U kan wees
- Dat U Here Jesus, deur U Gees, self die Toeruster sal wees vir ons taak
- Dat U in ons nodige lewensmiddele en finansies sal voorsien en vir ons oop hande om weer vir ander te gee.

L.I.G. – Huis gebed: Here Jesus ek bid vir die volgende persone wat U op my hart gelê het. Ek noem hulle by name… Ek bid dat U hulle sal seën met gesondheid, in hulle werk, in hulle emosies, sosiale verhoudings en dat hulle op geestelike vlak U sal ken, seker van hulle redding sal wees, U sal liefhê en meer en meer soos U word. Amen

Dag 8 van 13

8 November 2009 – Berou!

2 Samuel 24:[10] …Dawid het aan die HERE gesê: Ek het swaar gesondig deur wat ek gedoen het; HERE, vergeef dan nou tog die skuld van u kneg, want ek het baie dwaas gehandel.

Dawid, in 1 Samuel as koning aangewys, word in 2 Samuel tot koning gekroon. Hy heers eers oor Juda en daarna oor al 12 stamme. Aanvanklik gaan alles baie goed, en Dawid bou Israel deur 'n reeks oorwinnings op tot 'n wereldmag. Maar dan word sy regering geknak as hy hom skuldig maak aan egbreuk en moord. Die geweld, opstand en onrus wat daarna volg, skud die koninkryk vir die res van sy lewe en daarna. Al het hy baie swakhede gehad, bly Dawid " 'n man na God se hart" omdat God genadig was getrou aan Sy verbondsbelofte gebly het en ook omdat langs die weg van berou Dawid oor sy sonde berou gehad het en gesoek het om God se wil heelhartig te doen.

Die wetenskap soek nog na 'n gom wat 'n gebroke hart kan heelmaak. Maar God kan. Sielkundlges kan jou verlede deursoek en jou vertel hoekom jou hart gebreek is. Hulle kan jou help om'n gebroke hart te verwerk. Maar hulle kan dit nie herstel nie. God kan. Hy is 'n hartsjirurg wat gebroke lewens kan heelmaak. Hy neem die gebroke stukkies en skep iets pragtig en bruikbaar tot sy eer. Verlore kinders, gebroke huwelike, gesinne wat uitmekaargespat het - Hy het raad daarvoor. Het jy dalk werk vir die Hersteller van gebroke harte? Sy spreekkamer is 24 uur per dag oop, sewe dae per week. Jy hoef nie vooraf 'n afspraak te maak nie.

Bring vanoggend die pyn van jou lewe, jou bekommernis, hartseer voor die Here. Vertel Hom die storie agter jou trane. Bid dan vir die sake wat hierbo genome is, bely jou sonde, bid vir verlore kinders, gebroke huwelike, gesinne wat uitmekaar gespat het en vra dat God deur Sy genadekrag sal ingryp.

24/7 H.O.P.P.E. Gebedshuis - Op Saterdag 21 November vind die opening plaas van die 24/7 Gebedshuis (H.O.P.P.E. – House of Prayer Ethnei (for the nations) by die DECC (UCCD Jebel Ali Kerkkompleks). Dit is 'n gebedskamer wat 24 uur, elke dag van die week vir die hele jaar lank oop sal wees. Ons gemeente is van die begin af deel mbt die beplaning, die inkleding en ons het ook sitting op die leierskorps. Woensdae is aan ons geallokeer. Ons het voorkeur om die gebedskamer vir gebed in te rig en te benut soos dit ons pas. In die aand is die spesifieke gleuf van 8nm - 10 nm vir die Afrikaanse Gemeente UAE bespreek en dit sal elke Woensdag vanaf 25 November die gebedstyd wees waar intersessors, omgeegroepe, jeug ens kan kom deelneem. Die belangrikeste van alles: Dit waarvoor ons die Here elke maand in ons 24 Gebed voor gevra het, het gerealiseer - 'n groter eenheid van gemeentes om rondom gebed te verenig. Ons is die Here oneindig dankbaar daarvoor. Aan Sy goedheid en liefde is daar geen einde nie. In ons gebede rondom die openingsaand op 21 November en die 24/7 HOPE Gebedshuis se funksionering daarna bid ons die volgende:

- Dat die openingsaand op 21 November 2009 die Here se eer en heerlikheid sal uitstraal
- Dat die voorbereidings rondom die inkleding van die aand, die uitnodiging en die bemarking daarvan onder die Here se leiding en salwing sal wees.
- Dat gelowiges die erns, die voorreg en die verantwoordelikheid van hierdie gebedsaksie sal besef en dat hulle sal kom om deel te neem en dat die Here in Sy genade aan ons die vrug op ons gebed sal laat sien.
- Dat ons 'n ware 24/7 Gebedshuis in en vir die Emirate sal wees
- Dat ons Afrikaanse Gemeente met vreugde, dankbaarheid en toewyding sal kom deelneem en dat Woensdae optimaal deur ons benut sal word

Gebed vir Gemeente: Vader in hierdie week bring ons die volgende sake van ons gemeente voor U:

- dat ons meer tyd sal maak om by U voete deur te bring. Ons bid dat U mense so sal aanraak dat daar 'n (groter) verlange na gebed sal kom. Ons vra dat U mense sal oprig wat, soos 'n Maria, gewilliglik meer tyd by U sal deurbring, om U nabyheid te ervaar, te geniet en deur U gevorm te word. Ons pleit dat U meer bidders sal oprig wat tuis en in groepe sal begin bid. Ons dank U vir die getroues wat gereeld so bid.
- dat ons ons vreugde sal vind U Woord. Ons pleit dat U deur U Gees ons verstand en harte sal open om te verstaan wat ons lees. Ons bid dat die Woord ons sal aanraak en ons sal vorm om meer en meer soos Jesus te word.
- dat daar tekens en wonders in ons gemeente sal plaasvind deur die krag van die Gees, dat mense kragtig deur die prediking aangeraak sal word en tot bekering vernuwe en dat mense wat U reeds ken kragtige groei sal belewe.
- Vader ons bid dat elke mede Suid-Afrikaner wat afvallig geraak het weer tot bekering sal vernuwe en dat dié wat U nie ken nie, U sal ontmoet as hulle Here en Verlosser. Here help ons om hulle op te spoor en nader te bring.
- dat ons selgroepe, wat gereeld in huise bymekaar kom, groei sal ervaar in getalle en diepte, in verbreding en verdieping. Ons vra dat U die mense sal bring Vader sodat hulle U Woord kan verstaan, daarin kan verdiep, mekaar wedersyds versorg en U verheerlik. Ons bid vir U seën op elke leier met sy/haar voorbereiding, aanbieding en tyd in gebed vir sy groep.
- Ons bid vir ons gemeente se **Immergroen Ouerskapseminaar op 13 en 14 November 2009**. Vader ons vra dat U vir Hettie Britzz sal seën met die toerusting wat sy sal gee. Ons bid vir die salwing van U Gees op haar en elke ander persoon wat bywoon. Ons dra die voorbereiding van die kos, materiaal, en ander reëlings aan U op. Vader daar is so 'n nood aan die nodige leiding vir ons kinders se Goddelike toerusting en opvoeding en daarom pleit ons dat U die persone sal oprig om te kom.

Dag 9 van 13

9 November 2009 – Koop die tyd uit - vir jou gesin en gebed

1Konings 12:12 Toe Jeróbeam en die hele volk dan by Rehábeam kom op die derde dag soos die koning gespreek en gesê het: Kom na my terug op die derde dag-- 13 het die koning die volk 'n harde antwoord gegee: hy het die raad wat hom deur die oudstes gegee is, in die wind geslaan 14 en met hulle gespreek volgens die raad van die jongmanne en gesê: Het my vader julle juk swaar gemaak--ék sal by julle juk nog byvoeg; het my vader julle met die sweep getugtig--ék sal julle met gésels tugtig.

Oorsig: Salomo se skatte het deels uit swaar belasting van sy landgenote gekom. Na sy dood moes sy seun Rehabeam besluit of hy sy pa se belastings wou behou of verlig. As gevolg van swak raad verhoog hy die belasting. Die gevolg is'n nasionale "belastingopstand". Toe die stof weer gaan lê, was die verenigde koninkryk daarmee heen. In die plek daarvan was daar nou twee koninkryke (Israel enJuda), elk met sy eie goddelose koning: Jerobeam en Rehabeam.

'n Laerskoolklas moes 'n opstel skryf oor: ***"Wat is verkeerd met vandag se ouers?"*** Een kind het dit raak gesê: "Hulle is al so oud dat as ons hulle kry, ons nie veel aan hulle kan doen nie."

Ouers, die meeste van julle het julle kinders ontvang toe hulle net minute oud was -maar hoe oud sal hulle wees as *hulle julle* regtig kry? Ouers is geneig om hulle kinders alles te gee behalwe die een ding wat hulle die meeste nodig het: tyd. Tyd om te luister, tyd om te verstaan, tyd om te help, tyd om te lei. Dit klink so maklik om tyd aan jou kinders te gee. In werklikheid is dit die moeilikste en mees opofferende taak van ouer-wees.

Wat Rehabeam ook al van sy pa (Salemo) gekry het, het hom nie gehelp om die God van Israel liefte kry nie. Die gevolglike geestelike lugleegte het die volk in twee gebreek. Sal jou huisgesin anders wees? Roep vanaand 'n huisbyeenkoms bymekaar om vas te stel (met die hulp van die ander gesinslede) hoe julle julle tyd saam gebruik, en hoe dikwels!

Gebed: Vader, help my, as aardse ouer. Vader dankie vir U genade wat elke oggend nuut is. Dankie Here Jesus vir die kruis. Aan U liefde is daar geen einde nie! Vader so bitter graag wil ek sien dat ek, my gesin en ook ons gemeente Geesvervulde gesinne en mense sal wees. Here U weet, dat enige normale dagprogram in ons huis en lewens hierdie begeerte onder verdenking plaas. Die begeertes van die vlees en die gewoontes en optrede van die ou sondaarmens laat ons dikwels met die wrang smaak van mislukking. Nogtans, Here, wil ons graag U gehoorsame kinders wees. Deur U genade is ons nuwe mense, weergebore kinders van God, navolgers van Jesus Christus. Daarom is my begeerte: Heilige Gees wat in ons woon, help ons om U inwoning te vier met 'n lewe waarin U eienskappe tot vrug sal kom. Help ons om die vrug van die Gees in ons leefstyl in te weef, ons daarin te oefen, dat die liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing in ons woorde en dade tot sigbare gestalte sal kom. Here, ek weet dis nie maar net 'n handvol mooi woorde nie; dit is doenwoorde en daarom verg dit oorgawe en inspanning en opoffering. Ons stel onsself tot u beskikking en bid dat U ons sal toerus om die vrug van die Gees tot volle rypheid in ons lewe te bring, om vir ander daardeur tot seën te wees, vir onsself tot lewensvervullilfg en vir U tot vreugde.

As vader wil ek my kinders seën net soos Isak en Jakob hulle kinders geseën het (Gen. 27; 49). In u Naam verklaar ek die volgende oor my kinders: ***Die Here sal julle seën en julle beskerm; die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees; die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!*** (Num. 6:24-26). Ek bid dit in Jesus se Naam.

Voorbidding- Sending UAE

Here Jesus, U is die Lam van God wat die sonde van die wêreld vergewe en ons van alle ongeregtigheid reinig (1Joh.1:9). Bekeer U die nasies van die wêreld tot U, dan sal hulle bekeer wees (Klaagl.5:21). Deur die werking van die Heilige Gees, bid ons dat U die mense in ons gemeenskap sal oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel (Joh.16:8). Mag duisende in U kerk reageer wanneer U vra: "Wie kan Ek stuur?" Maak hulle gewillig om te gaan. Laat hulle net soos Jesaja sê: "Hier is ek! Stuur my!" (Jes.6:8). Ons sien dat die oes groot is, maar die arbeiders min. Daarom bid ons tot U, die Here van die oes, stuur arbeiders uit vir U oes (Matt.9:37-38). Mag Christene regoor die wêreld hulle oë oopmaak en sien dat die lande ryp is vir die oes (Joh.4:35). Gee dat die Kerk opnuut sal besef dat U ons roep om uit te gaan die hele wêreld in om die evangelie aan die hele mensdom te verkondig (Mark.16:15). Ons bid dat ons gemeente 'n hartklop vir die ongelwoige sal ontwikkel in die UAE.

Ons bid met vurige verlange "dat daar uit die heidennasies (hier in die UAE) 'n offergawe mag wees wat vir U aanneemlik is en deur die Heilige Gees geheilig is."(Rom 15:16) ***. Ons bid Here dat U die heidennasies en elke mede Suid Afrikaner wat U nie ken nie of wat, afvallig, liefdeloos en koud geword het, deur ons aan U gehoorsaam sal maak. Ons bid dat U dit sal doen met woord en daad, 19 deur kragtige tekens en wonders, in die krag van die Gees van God (Rom 15:18,19). Ons vra vir 'n kragtige werking van U Gees deur ons.***

Dag 10 van 13

10 November 2009 – Here laat my lewe tel!

2 Konings 8:[1] In die derde regeringsjaar van koning Hosea van Israel, seun van Ela, het Hiskia seun van koning Agas van Juda op die troon gekom. 2 Hy was vyf en twintig toe hy koning geword het en hy het nege en twintig jaar in Jerusalem geregeer. Sy ma was Abi 'n dogter van Sagaria. 3 Hiskia het gedoen wat reg is in die oë van die Here en het in alles die voorbeeld van sy voorvader Dawid gevolg. 4 Hiskia het die hoogtes laat verwoes, die klippilare laat stukkend slaan en die gewyde pale laat afkap. Hy het ook die koperslang wat destyds deur Moses gemaak is, laat stukkend slaan, want tot nou toe het die Israeliete die koperslang met offers vereer. Die slang is Negustan genoem. 5 Hiskia het op die Here die God van Israel vertrou. Nie een van al die konings van Juda voor of na Hiskia was soos hy nie. 6 Hy was getrou aan die Here en het nie van Hom af weggedraai nie. Hiskia was gehoorsaam aan die gebooie wat die Here aan Moses gegee het. 7 Die Here was by Hiskia, en Hiskia was voorspoedig in alles wat hy onderneem het.

Oorsig: Koning Hiskia se grafskrif kon net sowel gelees het: ***"Hiskia, een van Juda se beste konings"***. Hy word koning toe hy 25 was en word bekend as hervormer deur al die tekens van afgodediens onder die volk te vernietig, insluitende die koperslang wat Moses laat maak het (en wat die volk eeue lank bewaar het). Hy het verkies om sy vertroue in God te stel eerder as op perde en strydwaens. Hy was 'n bidder. In antwoord op die koning se gebed maak God 185 000 Assiriese soldate dood en verleng Hy die koning se lewe met 15 jaar. Maar die koning se hervormings en invloed kom tot 'n einde toe sy seun Manasse weer afgodediens instel, en die volk al hoe verder in heidendom verval.

Waaraan wil jy graag hê moet mense jou onthou nadat jy dood is? Watter van Hiskia se volgende grafskrifte sou jy verkies?

- "Hy het gedoen wat reg was in die oë van die Here" (18:3)
- "Hy was getrou aan die Here" (18:6).
- "Die Here was by hom" (18:7).
- "Hy was voorspoedig in alles wat hy onderneem het" (18:7).

Watter wonderlike getuienis is dit nie oor 'n groot man van God nie! Wat wil jy hê dat mense oor jou moet skryf nadat jy heengegaan het? Onthou, voor dit geskryf kan word, moet dit geleef word. Skryf jou eie grafskrif soos wat jy dit graag eendag sou wou hê. Soek dan maniere om daarvolgens tot God se eer te lewe.

Gebed: Vader dankie vir hierdie dag en ek vra det u Uself deur my sal verheerlik. Gee asseblief dat ek vandag goeie klei in U hande sal wees. Maak my beter boumateriaal waarmee U U hemelse doel kan bereik. Maak my nuut! Vervul my. Doop my woorde met U hemelse krag; deurdrenk my lewe met U hemelse vuur en wind. Ek smeek dit in Jesus se Naam. Here Jesus ek bid ook vir elke mede Suid Afrikaner in die UAE wat in sonde vageval sit en daaruit moet loskom. Here laat U gemeentelede hulle bereik. Lei ons deur U Gees om met hulle kontak te kan maak.

Gebed vir die gemeentebeplanning: Vader in die Naam van Jesus pleit ons dat U Gees ons sal lei in die gebedsagenda van ons gemeente veral rondom die 24/7 H.O.P.E.Gebedshuis. Ons bid volhardend vir die gebedsbediening se groei en vra dat U gemeente 'n huis van Gebed sal wees waarin elke lidmaat sal kom inskakel. Ons vra ook leiding vir die bedieningswyse van ons gemeente. Ons kan niks sonder U doen nie. Ons bid hierdie leiding vir ons kerkraad. Here laat ons leiers U stem duidelik hoor. Maak ons sensitief vir die influisteringe van U Gees. Ons pleit volgens die belofte Jeremia 33: [3] *Roep My aan, Ek sal jou antwoord en jou vertel van groot en onverstaanbare dinge waarvan jy nie weet nie.* Ons dank U vir U leiding en ons weet U antwoord wanneer ons roep.

Ons bid dat die proses om ons kerk geregistreer te kry duidelik en sonder enige voorval sal verloop. Laat ons aansoek wanneer ons dit bring geslaagd wees en spoedig. Ons bid dat die regeringsinstansie ons gunstig gesind sal wees.

Ons gemeente se jeugbediening. Vader in die Naam van Jesus:

- Bid ons vir kragtige groei onder ons jeug en dat ons jeugbediening in Dubai elke jongmens sal sal bereik
- Bid ons dat kinders sal kom om toegerus te word en vir groter en gereelde bywoning.
- Bid ons dat elkeen elke Vrydag en Sondag 'n ontmoeting met Jesus sal hê en kinders leef-Christene sal word.
- Bid ons dat al die kinders tuis sal voel by die kinderkerk.
- Bid ons dat elke jeuglier sal toeneem in sy/haar liefde vir U en nie in hulle toewyding en voorbereiding sal verslap nie.
- Bid ons vir ouers wat hulle kinders se opleiding sal ondersteun deur self greeld by die kerk betrokke te wees.
- Dank ons U vir al die mooi wat alreeds onder ons jeug gebeur.

Eredienste

Vader ons dra die voorbereiding en aanbieding rondom elke boodskap en kleingroep aktiwiteite by die kinderkerk aan U op en bid dat U deur U Gees die Lig in kinderharte sal laat skyn. Ons bid vir die Woordbediening vir hierdie naweek.

Dag 11 van 13

11 November 2009 – Here maak my ‘n bidder soos Nehemia

Nehemia1:[1] Die verhaal van Nehemia seun van Gakalja. Dit was in die maand Kislef, die twintigste jaar. Ek was in die vestingstad Susan. 2 Ganani, een van my medeamptenare, het daar aangekom uit Juda, hy en ’n paar ander manne. Ek het by hulle navraag gedoen oor die Judeërs wat uit die ballingskap vrygelaat is en teruggegaan het, en oor Jerusalem, 3 en hulle het vir my gesê: “Die ballinge wat teruggegaan het, beleef daar in die provinsie Juda groot ellende en smaad. Die muur van Jerusalem lê om, en die stadspoorte is verbrand.” 4 By die aanhoor van dié woorde het ek gaan sit en gehuil en dae lank getreur. Ek het gevas en tot die God van die hemel gebid. 5 Ek het gesê:“Ag, Here, God van die hemel, groot en ontsagwekkende God wat u verbond en u troue liefde handhaaf teenoor dié wat vir U liefhet en u gebooie gehoorsaam, 6 luister tog, gee tog ag op die gebed wat ek, u dienaar, sonder ophou tot U bid. “Ek bid vir u dienaars, die Israeliete, ek doen belydenis van die sondes wat ons teen U begaan het. Ook ek en my familie het gesondig. 7 Ons het U nie geëer nie, ons was ongehoorsaam aan die gebooie, die voorskrifte, die bepalings wat U aan u dienaar Moses gegee het. 8 “Dink tog aan die belofte wat U aan u dienaar Moses gemaak het: ‘As julle ontrou is, sal Ek julle onder die volke verstrooi, 9 maar as julle julle tot My bekeer en my gebooie gehoorsaam en nakom, sal Ek julle weer bymekaarmaak, al is julle oor die hele aarde versprei. Ek sal julle terugbring na die plek toe wat Ek gekies het om my Naam daar te laat woon.’ 10 “Hulle is u dienaars, u volk vir wie U met u groot mag en krag gered het. 11 Ag, Here, luister tog na die gebed van u dienaar en na die gebed van u dienaars, hulle vir wie dit ’n vreugde is om u Naam te eer. Laat my tog voorspoedig wees met wat ek vandag wil doen. Laat hierdie man my simpatiek gesind wees.”

Oorsig: In antieke tye was 'n stad net so sterk soos sy mure. In die geval van Jerusalem staan die tempel in glinsterende glorie tussen die ruïnes en rommel van die ou mure. Nehemia, die skinker van die koning van Persië - God se keuse om die stad se verdediging op te bou - stap die toneel binne. Nadat hy vir vier maande vir sy mense en vaderland in gebed ingetree het, kom die oomblik waarvoor hy gewag het. Gewapen met 'n bloudruk en 'n las op die hart deel Nehemia sy versoek met die koning - en hy ontvang selfs meer as waarvoor hy gevra het! Na persoonlike inspeksie van die mure en die poorte het Nehemia sy mense met die geloofinspirerende uitroep aangespoor: "Die God van die hemel sal ons laat slaag in wat ons doen" (2:20).

Outobiografie van kragtige gebed

Nehemia se aantekeninge bied 'n helder getuienis van die krag van gebed in die lewe van die kind van God. Terwyl jy die boek lees, maak 'n lys van Nehemia se gebede en God se antwoorde:

V*erwysing Nehemia* 1:4-11; 2:4-8 ; 4:4-12 ; 6:9,14-16; 13:14-31

Nehemia bid vir. . . *God antwoord met. . .*

Kyk in jou huis en jy sal twee soorte hoeke kry: binnehoeke (die soort waarin jy sit) en buitehoeke (die soort waarom jy loop). Dink hieraan as 'n beeld van jou gebedslewe. Daar is twee soorte gebede wat jy kan bid: geriefsgebede ("Here, beantwoord hierdie behoefte") en toewydingsgebede ("Here, gebruik my om hierdie behoefte te beantwoord").

Leer die les uit die lewe van Nehemia. Moenie bid om gerieflik in jou omstandighede te wees nie; bid eerder om beskikbaar en gereed te wees om die wil van God in elke situasie te doen. En in die proses kan magtige mure opgerig word! Lees weer Nehemia se gebed van toewyding in 1:5-11. Maak dit dan joune!

Gebed: Here Jesus ons roep U vandag aan oor die koudheid van ons harte. Ons is so besig met ons eie dinge, dat ons selde buite die grense van ons lewe kyk. Vergewe ons ons gevoelloosheid. Ons het 'n desperate behoefte dat U in ons harte die liefde vir verlorenes sal opwek. Vul ons harte met ‘n las vir hulle wat U nie ken nie. Werk deur ons en lei ons deur U Gees om die werk van evangelisasie en intersessie te doen. Wek in ons koue harte 'n begeerte om te begin bid vir die mense wat 'n dringende behoefte het aan die boodskap van verlossing en die Koninkryk van die hemel. Here maak ons bidders soos ‘n Nehemia.

In ons gebede rondom **die openingsaand op 21 November en die 24/7 HOPE Gebedshuis** se funksionering daarna bid ons die volgende:

- Dat die openingsaand op 21 November 2009 die Here se eer en heerlikheid sal uitstraal
- Dat die voorbereidings rondom die inkleding van die aand, die uitnodiging en die bemarking daarvan onder die Here se leiding en salwing sal wees.
- Dat gelowiges die erns, die voorreg en die verantwoordelikheid van hierdie gebedsaksie sal besef en dat hulle sal kom om deel te neem en dat die Here in Sy genade aan ons die vrug op ons gebede sal laat sien.
- Dat ons ‘n ware 24/7 Gebedshuis vir die ansies (**H**ouse **O**f **P**rayer **E**thnei) in en vir die Emirate sal wees
- Dat ons Afrikaanse Gemeente met vreugde, dankbaarheid en toewyding sal kom deelneem en dat Woensdae optimaal deur ons benut sal word

Dag 12 van 13

12 November 2009 – Here dankie vir my lewensmaat!

Hooglied 1: [15] Hy: "Jy is mooi my liefling, jy is mooi, jou oe is duiwe."[16] Sy: "Jy is mooi, man wat ek liefhet, baie aantreklik"

Hooglied 5: [9] Vroue: "Is die man wat jy liefhet, dan anders as ander, mooiste van al die vroue? Is die man wat jy liefhet, dan anders as ander dat jy ons so smeek?"
Sy: [10] "Die man wat ek liefhet, is blakend gesond en blosend van kleur; jy kan hom uitken tussen tien duisend ander.

Oorsig: Uit die meer as 1 000 liedere van Salomo (I Konings 4:32) noem hy hierdie een die "mooiste lied"(1: 1). Die lied praat van 'n landelike omgewing en beskryf die liefde tussen 'n pragtige meisie, en haar minnaar of geliefde, die genot maar ook verwydering in hulle lewe saam. Uit al die verskillende opvattings oor Hooglied gee ons hier net drie: (1) Dis 'n allegorie van God se liefde vir sy volk Israel. (2) Dis 'n beeld van Christus se liefde vir sy bruid, die kerk. (3) Dis'n digterlike weergawe van die liefde tussen 'n vrou en 'n man (1 Konings 11:3).

Daar is min instellings wat al soveel gekritiseer is as die huwelik. En tog, ten spyte van al die negatiewe publisiteit bly dit iets aantrekliks en daarom maak daar nog duisende paartjies elke jaar die keuse om in die openbaar, voor God en sy gemeente, aan mekaar trou te sweer.
Die Bybel het heelwat te sê oor die huwelik en dit hoef jou nie te verbaas nie. Was dit dan nie in die eerste plek God se plan nie? Dit was Hy wat die eerste huwelik bevestig het (Genesis 2); sy Seun het sy eerste openbare wonderwerk by 'n troue laat plaasvind (Johannes 2); en die boek Openbaring sluit met 'n huweliksfees af (Openbaring 19). Die huwelik is een van die belangrikste beelde wat die Here gebruik om aan ons te verduidelik hoe Hy teenoor ons voel. In Efesiers 5:22-23 word'n Christenegpaar daaraan herinner dat hulle huwelik vir die wêreld 'n idee moet gee van Christus se liefde vir sy bruid, die kerk.
Iemand het gesê die boek Hooglied is die Here se handleiding vir 'n huwelik waar die gevaartekens begin flits. Hoe dit ookal sy, óf jou huwelik rustig vaar óf in die storm beland het, spandeer vanaand 'n tydjie om'n gedeelte van die boek saam met jou huweliksmaat te lees. Sê dan vir jou maat: "Ek het jou lief!" Dit mag die liefde in jou huwelik sterker/opnuut aanwakker.

Gebed Hemelse Vader ek loof U vir U liefde en U goedheid. Here Jesus ek dank U vir U gehoorsaamheid tot die dood, vir die vergifnis deur die kruis en die vrede wat U gee. Dankie dat ek vas kan glo dat U my met die Vader versoen het. O Heilige Gees, U is my Trooster en my Helper. U getuig saam met my gees dat ek kind van die Vader is. U help my om te leef as verloste en vrygemaakte. Ek dank U en ek prys U. Drie-Enige God ek bring aan U toe die aanbidding, lof, eer en dank. Daar is geen God soos U nie. Net U is waardig. Dankie Vader, dankie Here Jesus, dankie Heilige Gees.Saam met Paulus roep ons dit uit: "*Aan U wat vir ewig Koning is, die onverganklike, onsienlike, enigste God, kom toe die eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid! Amen.*" *(1 Tim.1:17)*

Gebed vir die gemeente: Vader in die Naam van Jesus bid ek vir gebroke huwelike in ons gemeente. Vader U weet dat in baie huwelike is daar baie afstand tussen huweliksmaats, dikwels konflik en weing harmonie en eensgesindheid. Daar is baie seerkry en hartseer. Verskeie huwelike is minimum huwelike, met geen kommunikasie, geen liefde en geen fokus nie. Ek bid vir die bekering en genesing van huweliksmaats. Ek bid vir huwelike waar U geheilig word en U eer en leiding gesoek word. Ek bid vir huwelike waar man en vrou saam U aangesig sal soek en waar die doel van die huwelik Maleagi 2 sal wees: [15] *Die Here het man en vrou een gemaak, een in liggaam en gees. En waarom een? Omdat Hy wil hê dat daar 'n nageslag moet wees, wat Hom eer.*" Ek staan in die bres vir elke man en vrou en pleit dat waar daar konflik en verwydering, waar daar ontrou en koudheid is, U huweliksmaats tot bekering sal vernuwe. Ek dank U vanoggend vir huwelike waar man en vrou saam U aangesig soek.

Ek bid vir my egenoot en vir ons huwelik dat die liefde tussen ons sal toeneem en dat ek en my vrou/man die versoeking sal weerstaan om afvallig te raak. Ek bid dat ons wedersydse respek teenoor mekaar sal beoefen; dat ons nie twee aparte lewens sal lei nie maar tyd sal maak vir mekaar; dat ons vriende sowel as huweliksmaats en minnaars vir mekaar sal wees; dat ons as 'n span sal saamwerk en dat daar nie egskeiding in die toekoms sal wees nie. Ek bid dat die liefde in ons huwelik sterk sal (op)vlam en dat my liefde vir haar/hom konstant sal bly. Ek bid Vader dat U ons huwelik sal vorm tot U eer en verheerliking.

- Ons bid vir ons gemeente se **Immergroen Ouerskapseminaar wat more en Saterdag gehou word**. Vader ons vra dat U vir Hettie Britzz sal seën met die toerusting wat sy sal gee. Ons bid vir die salwing van U Gees op haar en elke ander persoon wat bywoon. Ons dra die voorbereiding van die kos, materiaal, en ander reëlings aan U op. Vader daar is so 'n nood aan die nodige leiding vir ons kinders se Goddelike toerusting en opvoeding en daarom pleit ons dat U die persone sal oprig om te kom.

Dag 13 van 13
13 November 2009 – Lyding

Job 42:2-3, 5 *Nou weet ek dat U tot alles in staat is en dat. U kan uitvoer wat U besluit. Ek het oor dinge gepraat wat ek nie begryp het nie: U wonderdade was te groot vir my, ek het dit nie verstaan nie. Tot nou toe het ek net gehoor wat mense van U sê, maar nou het ek U self gesien*

Mense het gedink die lewe is voorspelbaar soos 'n optelsom. Jy kan alles in die lewe mooi bereken: Vir elke goeie ding wat jy doen, sal God vir jou 'n goeie ding terugdoen. Maar vir elke verkeerde ding wat jy doen, sal iets slegs met jou gebeur.

Maar so eenvoudig is die lewe nie regtig nie. Dit leer Job ons. Die lewe is ingewikkeld en nie altyd regverdig of verstaanbaar rue. Soms loop dinge verkeerd al beplan jy hoe goed en probeer jy hoe hard.

Job se verhaal begin toe die duiwel vir die Here se hy dink Job dien die Here net sodat Hy vir horn goed kan wees. Hy het die Here nie regtig lief nie. Die Here weet egter dit is nie waar nie. Daarom laat Hy die duiwel toe om Job te toets. Hy kan alles van Job wegvat, behalwe sy lewe. Dan kan hulle mos sien of Job die Here net dien as dit goed gaan (1-2). So gesê, so gedaan.

Job verloor toe alles en beland op die ashoop. Drie van sy vriende het vir horn kom kuier en met Job gepraat oor sy probleem. Job se probleem was dat hy niks verkeerd gedoen het nie en nogtans loop dinge vir hom skeef. Iewers was iets nie reg is nie, want die Here behoort mos die regverdige te seën.

Een na die ander kry sy drie vriende, Elifas, Bildad en Safar, 'n kans am te praat. Hulle probeer Job troos. Elifas moedig Job aan am moed te hou en nie kwaad of bitter te word me. Bildad is oortuig dat die Here nie so iets sal laat gebeur as Job nie iets verkeerd gedoen het nie - Job moet net sy sonde bely en dan sal dit weer beter gaan (3-11).

Maar Job hou vol dat hy niks verkeerd gedoen het nie en voel dat God self moet kom verduidelik wat hier aangaan. So emstig voel Job daaroor dat sy vriende bekommerd raak dat hy dalk te arrogant voor God is. 'n Ander vriend, Elihu, waarsku Job dat hy God nie sommer net so moet uitdaag nie, want God is darem baie sterker as 'n mens (32-37).

Maar Job gee nie op nie en sy wens om God te ontmoet word waar (38-42). God gee nie vir Job antwoorde op sy vrae nie, maar wys hom eenvoudig net wie Hy is. Hy wys vir Job die skepping en die natuur. Hy wys vir hom die diere. En elke keer besef Job net van voor af hoe groot en anders God is. God is nie soos 'n mens nie en daarom kan 'n mens God ook nie verklaar of met Hom stry nie. Die mens moet maar liewer nederig voor hierdie groot God sit - gelowig en sonder opstand en vrae.

Job moes leer die lewe is nie 'n optelsom nie. Die lewe loop soms ook vir die beste gelowige verkeerd, want die lewe bly maar onvoorspelbaar en onseker. Wat wel vasstaan, is die grootheid, liefde en almag van God.

Gebed: Hemelse Vader, ek aanbid U as my Here en my Koning. Ek loof U omdat U alles weet en die einde reeds aan die begin kan sien. Dat U alle dinge deur u krag in stand hou. Dat U my lewe in u hande hou. Dat U my verlede en my toekoms sien. Ek lê alles wat ek is voor U neer en bied my lewe aan U. Hier is ek Here, U dienaar (slaaf), tot U beskikking. Maak my 'n instrument waardeur U wil hier op aarde geskied. Gebruik my soos ‘n Paulus tot u verheerliking. Hef my op om dinge vanuit U perspektief te sien, en help my om bo my beperkings uit te styg. Ek wil nie grense stel aan wat U in my en deur my kan en wil doen nie. Asseblief Here doen met my wat U hart begeer om te bereik.

Here, ek dank U vir die werk wat U my gegee het om vir u koninkryk te doen. Dankie vir die geleenthede wat U voorsien het en nog sal voorsien. Ek bid dat U steeds aan my bekend sal maak wat ek moet doen en my in staat sal stel om dit goed te doen.

Here, ek bid dat U my sal bemagtig om iets groots vir U en u verheerliking te doen. Gee my die krag en vermoëns wat ek nodig het om dit tot uitvoer te bring. Help my om sterk te staan teen enige teëkanting. Help my om die leuens van die vyand raak te sien en gee my krag om dit te weerstaan. Ek wil vorentoe en by hulle verby beur tot by U hoogste roeping. Help my om alles te verwerp wat my verhinder om te doen wat U my gegee het om te doen. Ek loof U omdat U almagtig is en niks vir U te moeilik is nie.

Ek wil nie hê my eie planne en drome vir die toekoms moet in die pad staan van wat U vir my beplan nie (Prediker 5:6). Ek weet U begeer liefde en kennis meer as offers (Hosea 6:6, OAV). Ek verlang daarna om U beter te ken en aan die beeld van u Seun gelyk te word. Here ek bid dat ek elke dag meer en meer soos Jesus sal word in karkater en in krag. Die karakter en die krag van die liefde. Mag u goedheid, heiligheid en skoonheid by my wees en U die werk van my hande in stand hou (Psalm 90:17). Bring my na die toekoms wat U vir my bepaal het. Dankie dat U my met 'n doel geskep het, en elke keer as ek U aanbid, vervul ek daardie doel.